

28 April

2 Timoteus 3, (Teks: 3:13,14)

Progressiwiteit

Die beskrywing van die mense van die laaste dae wat die swaar tye sal veroorsaak is skrikwekkend akkuraat. Dat hulle hulleself boonop sal uitgee as gelowiges, sien ons in ons, tyd amper daaglik raak. Maar hulle geloof bly net lippetaal. Dit verander uiteindelik niks aan hulle lewe nie. En tog is daar by hulle verandering. Hulle gaan voort... van kwaad na erger. Nie tevrede met die sonde waarin hulle hulleself bevind nie, jaag hulle al dieper en dieper die afgrond in. En hulle doen hulle bes om soveel moontlik mense met hulle saam te sleep. Progressief altyd slegter en slegter.

By die gelowiges is daar aan die ander kant ook beweging. Hulle staan nie stil nie, ook al is hulle, gehoorsaam aan die opdrag van die apostel, gegrondves in die Woord. Dis egter juis die Woord wat hulle laat beweeg. Omdat hulle gegrond is in die lewende en kragtige Woord van God, groei hulle in die kennis wat hulle wys kan maak tot saligheid. Meer nog. Die Woord rus hulle ook toe vir elke goeie werk in diens van God. En hierdie groeikrag van die Woord is geleë in die eintlike outeur, die Heilige Gees. Deur die Gees word gelowiges wys. Deur die Gees word hulle toegerus vir hulle diens. Net die Gees verseker dat hulle kennis nie 'n dooie verstandsgodsdiens word nie. Net die Gees lei hulle in God se wil en God se waarheid.

Watter kenmerke dra verandering in jou lewe? Is dit dalk die gevolg van eie begeerte en selfsug? Sulke verandering is aards en boos en staan onder God se oordeel. Of is die verandering in jou as gevolg van die Woord? Maak dit jou al meer en meer diensbaar aan God? Dis die soort verandering wat strek tot God se eer en tot sy verheerliking.

Sing: Psalm 40:3,4

Ds. B.C. Smit (Eloffsdal)